WEL EN WEE VAN DIE MILITêRE VETERANE : BERIG 01/2018

WEE VAN DIE VETERANE

1. Afsterwe van Marie en Ds Thomas Dreyer van die SAW se Kapelaansdiens

Thomas Dreyer van die Infanterie en Afd Inl verwittig met leedwese "… dat beide my ouers teen die eiende van 2017 soos volg oorlede is:

* My Ma, Marie Dreyer, is op 30/10/2017 in 1 Mil Hosp oorlede. Sy het kort voor dit geval en haar heup gebreek. Na die operasie het sy asemhalingsprobleme ontwikkel wat later verdere komplikasies veroorsaak het. Sy was 87 jaar oud.

* My Pa, Thomas, is op 14/11/2017 in sy slaap by die Kronendal Tehuis in Pretoria oorlede. Hy was 95 jaar oud. Hy was die voormalige Adjunk Kapelaan-Generaal en soos iemand dit gestel het, was '… hy 'n groot boom waaronder menigte skadu en skuiling gesoek het'.

Albei is gedurende Nov 2017 vanuit die NH Kerk Pretoria-Oos begrawe. Hulle was die ouers van Anchen Dreyer (DA Parlementslid); Barbara Beneke en oorlede Frans Dreyer van Afd Fin en Afd Inl en later stigter van VASTECH, wat op 11/05/2010 oorlede is toe 'n Air Afrique Airbus te Tripoli in die grond vasgevlieg het".

2. Passing of Matie van der Linde of the SAAF on 25/12/2017

Paul Lombard of the Flying Gunners advises with deep regret and sadness "... that my friend had passed away on Christmas Day. Matie was admitted to 1 Mil Hosp on 23/12/2017 with an obstruction in his intestines but he passed away after it had burst. Matie was an officer in the SAAC and started his flying career at 42 Army Air Recce Sqn in 1963. He transfered to the SAAF in 1967 and was later appointed as OC CFS at Dunottar and was still later attached to SA Spec Forces. Matie was always cheerful, well-liked and a dear friend to all. He leaves behind his wife, Myrna, a son and a daughter. Myrna can be reached on 012-807 1602 or on 083 703 2564. Rest well old friend and our prayers and synpathy go out to Myrna".

3. Afsterwe van Jan Claassen van Leërinligting

Louis Coetzee van die Lugafweer verwittig met leedwese "… dat Jan op 01/01/2018 onverwags aan 'n hartaanval gesterf het. Jan was 'n voormalige SSO Komops by HK Kmdmt WP en ek het hom leer ken terwyl ek SSO Ops en later HS by HK Kmdmt WP in die vroeë 1980s was. Die gedenkdiens het op 08/01/2018 by die NG Moedergemeente in Durbanville plaasgevind. Jan het in 1995 die diens verlaat en het nog gewerk en was baie gesond. Sy vrou het hom reeds vier jaar gelede weens borskanker ontval en sy enigste seun is weens 'n hartaanval oorlede. Hy word oorleef deur twee dogters en Karlien kan op 082 969 7233 gekontak word".

4. Afsterwe van Karel Kohne van die Infanterie

Johan van Wyngaard van Leërinligting verwittig met leedwese dat hy op Facebook verneem het "… dat Karel maagkanker in 'n baie erge graad gehad het en op 10/01/2018 in die Bayview Hospitaal in Mosselbaai oorlede is. Karel sal onthou word as 'n kampvegter vir Diensskiet in die SAW en SANW. In sy laaste jare het hy by HK Kmdmt OP gedien".

5. Passing of Neil Napier of the SAAF

Phillip Weyers of the SAAF advises with great sadness "… that Neil had lost his battle with cancer and passed away on 15/01/2018. Neil was a Navigator extraordinaire and served on amongst others at 28 and notably with 24 Sqn. Neil was a fine Officer and absolute Gentleman and he will be sorely missed".

6. Afsterwe van Jo Coetzer van die Infanterie

Paul Els verwittig met leedwese "… dat Karen Muller van die SANW op FaceBook gerapporteer het dat Jo op 08/01/2018 oorlede is en dat sy gedenkdiens op 08/01/2018 in Pretoria plaasgevind het. Jo het onder andere in 1975 by 2 SAI Bn gedien".

7. Afsterwe van Alta : Eggenote van AO1 Kat Snyman van die Kavallerie

Patrys Cilliers van die Kavallerie verwittig met leedwese van "… Alta Snyman se afsterwe op 04/01/ 2018 in Bronkhorstspruit na 'n lang siekbed. Ons innige simpatie aan Kat en die kinders. Mag julle vertroosting van ons Hemelse Vader ontvang. 'n Roudiens het op 12/01/2018 by die Gereformeerde Kerk in Bronkhorstspruit plaasgevind. Kat se selno is 078 901 5075".

8. Hospitalisation of Eka : Wife of Peter Rose of the Infantry

Peter advises from out of the Congo that Eka "… is still in the ICU at Mulbarten MediClinic Hospital since 28/11/2017 due to brain complications. Her condition is at present stable but still serious. My e-mail address is peterrsafety@gmail.com".

9. Begrafnis van Neil Hartman van die Infanterie

John Lizamore het verlede week verwittig dat Neil op 26/12/2017 in UNITAS Hospitaal oorlede is. Neil se seun, Werner, noem dat die begrafnis op Dinsdag 02/01/2018 by die NG Gemeente Monumentpark-Wes plaasgevind het. Werner se selno is 082 339 2430.

Die foto hieronder toon vir AO1 Jack Pearce met die vaandel. Die trompetspeler is besig met Laaste Taptoe, terwyl die erewag salueer. Genl Raymond Holtzhausen staan heel links langs die trompetspeler. Estelle Keeve het die foto aan die regterkant met Pieter Swart se selfoon geneem.

10. Set-back for Piet Hall of the Infantry

Jock Harris of 32 Bn reports "... that Piet has had two strokes in as many days and is being treated at the Aurora Hospital in Port Elizabeth. He is in good spirits, displaying his normal great sense of humour and is waiting to return home. Piet had served as OC 31 Bn in the days of the Bush War"

PERSOONLIKE BOODSKAPPE

11. Huldeblyk aan Rais Kruger van die Infanterie

Chris (Boykie) Serfontein van die Donker Hande beskryf vir Rais as ‘n man met ‘n plan en vertel dat hy “... bevoorreg was om saam met Willem Koekemoer en Rais Kruger ‘n opleidingspan te vorm wat pelotonbevelvoerders by die Danie Theron Krygskool opgelei het. Ons het dit ook ons plig geag om toe te sien dat die Koedoes nie die opleidingsgebied oorbewei nie. Rais was ‘n begaafde sportman wat nooit sy volle potensiaal bereik het nie. Hy het uitgeblink in krieket, tennis en veral rugby. Met die toestemming van die bevelvoerder, kol Jan Fourie, het ons in Kimberley vir Pirates rugby gespeel.
Met ‘n rugbydag op Koffiefontein speel Pirates die hoofwedstryd teen UOV en ek en Rais was Pirates se senters, terwyl ons teenstanders die Vrystaat se senterpaar, Pikkie du Toit en die groot Joggie Jansen (later Springbok) was. Met die opdrafslag sê Rais vir my ‘... Boykie you take the small one (du Toit) and I wll take the big one’. Jansen kry die bal, trap na binne en hardloop reg bo-oor Rais. Toe ek ondersoek instel, skud my sentermaat sy kop en sê ‘... Boykie, change of plan, you take the big one and I will take the small one’. Tot my skande moet ek bieg dat ek die voorstel van die hand gewys het. Rais was altyd ‘n man met ‘n plan. Rus in vrede, ou maat”.

12. Tribute to Matie van der Linde of the SAAF.

Barry Marais has noted the following on Facebook:

“Marty was not only a SAAF colleague but a longstanding friend from as far back as 1955 where we grew up together in Roberts Heights which later became known as Voortrekkerhoogte. Marty's younger brother Danny and I were friends. Our paths again crossed many years later when Marty was transferred from the SA Army to the SAAF. Amongst his many SAAF career moves, Marty told me that his posting as OC CFS Dunnottar and then later as OC 17 Sqn were his most rewarding years. Marty loved flying and Choppers became his passion. Marty, we will miss your presence”.

13. Tribute to Karel Kohne of the Infantry

McGill Alexander of the Parabats states that “... Karel was a soldier of the old school; a salt-of-the-earth man for whom the military was everything. Karel's commitment and dedication were very apparent and I always enjoyed seeing him, as he was always friendly and courteous. He was a rough diamond, with no frills, but he always showed respect for the people he dealt with and treated them with dignity. I can still hear that rasping voice of his as he loved to talk! A wonderful man of integrity and a good, honest, down-to-earth soldier. I learnt much from him about soldiering, running shooting ranges and dealing with people. He was one of those people who was a mentor without even realizing it. Shooting was his passion, and he spent much of his career promoting and running Service Shooting/Combat Rifle Shooting. He was a familiar sight on shooting ranges around the country and he acted as a Range Officer with great enthusiasm. He believed that a soldier had to be a good shottist and that this required frequent shooting. Rest in Peace Karel. I salute you!”

MILITêRE AANGELEENTHEDE

14. SAN Cancels Popular Navy Festival

Angel reports in his MN that the SAN has cancelled the 2018 edition of the annual Navy Festival which was due to have been held at Naval Base Simon's Town in Mar 2018. For well over a decade, the SAN Festival has allowed the general public the opportunity to see and experience the activities of South Africa's maritime arm. The festival programme normally includes an evening concert by the Navy Band at the head of the dry-dock, displays, demonstrations (including air/sea rescue, anti-piracy demonstrations, Gun Run with its loud explosions, protection force, etc), canon firings, tug rides, food stalls and opportunities for the public to go aboard the various ships and submarines. The night shoot from Lower North Battery into False Bay was always very popular with enthusiasts and spectators.

15. Assault Boats of Philippine Special Forces to Patrol the Davao Gulf

Arne reports in his MN that assault boats of the Philippine Special Forces will soon patrol Davao Gulf to detect and deter piracy and terrorist threats in the Gulf alongside the Philippines. The boats have a counter/anti-terrorist capability, but the only real interest is the suggestion that the boats have an airborne capability.

MILITêRE MEDIESE VERSORGING

16. Registrasie by die SMMVF

Gert van Niekerk van die Geskut wil "… die Veterane aanmoedig om as lid op die SMMVF se webblad by http//www.rfmcf.co.za te registreer. Dit is redelik eenvoudig en heelwat ter saaklike inligting word daar gepubliseer. Dit is nogal interessant om te sien wat in elkeen se persoonlike rekening aangeteken staan. Maar meer belangrik; hoe meer Veterane registreer en hulle rekords nagaan hoe groter is die boodskap dat ons by die sake van die SMMVF betrokke is".

17. Bekommernis oor die Volhoubaarheid van die SMMVF

Hennie Roux van die Lugafweer noem "… dat dit blyk asof daar beperkings ingestel word op aanwending van die Fonds. Ek verneem van bewerings dat die Fonds burgerlike tandartse in die Suid-Kaap tot R500 beperk en dat daar inbetaal moet word op sekere medikasie. Ek dink dit het tyd geword om 'n Monitorgroep te stig wat toesig oor die Fonds te hou. Is daar nie 'n paar van die gesonde Veterane wat hieraan aandag kan gee nie? Ek is regtig bekommerd oor die volhoubaar van die Fonds".

18. Stand van die SMMVF. Hercules (Dup) du Plessis van Personeel het twee briewe aan die SMMVF gerig om sy bekommernis oor die stand van die Fonds uit te spreek. In reaksie het die Waarnemende Hoof van die Fonds, Dr Anushka Jamuna, vir Dup na 'n voorligting op 12/01/2018 genooi, om hulle kant van die saak te stel. Evert Groenewald van die SAV en Chris Deeves van Logistiek het vir Dup vergesel en die voorligting is ook deur genl-maj Ndlovu van die SAGD en dr Lourens Smith van die SMMVF bygewoon. Dup doen verder soos volg verslag:

"Die voorligting is op 'n professionele en eerlike wyse deur dr Jamuna aangebied Sy het begin deur die waarde van die Fonds soos volg aan te dui:

* Mrt 2015 : R1 067mil
* Jun 2017 : R586mil
* Sep 2017 : R518mil
* Nov 2017 : R485mil

Die Fonds is afhanklik van lede se bydraes wat die SANW bepaal en insamel en die Fonds wend die gelde aan om vir mediese dienste te betaal wat aan VPA-lede gelewer word. Die verhouding tussen inkomste en uitgawes vertoon sooos volg, gemeet teen die norm vir mediese fondse wat 85% is:

* 2010 : 96% (nominaal 15% laer as norm om om beide fondsgroei te behaal en lopende uitgawes te kan delg)
* 2011 : 129% (44% onder norm)
* 2012 : 118% (33% onder norm)
* 2013 : 157% (72% onder norm)
* 2014 : 132% (47% onder norm)
* 2015 : 153% (68% onder norm)

Die gemiddelde opbrengs op die Fonds se beleggings oor hierdie tydperk het 13% beloop wat te laag is om hierdie verlies aan inkomste teë te werk en behoort in elk geval nie daarvoor verantwoordelik te wees nie. Die beskikbare kapitaalvermoë word reeds aangewend om operasionele kostes te dek en is die agteruitgang reeds verby die punt van herstel.

Die belangrikste rede vir onvoldoende inkomste is lae bydraes wat deur dienende lede betaal word. Aktuariële aanbevelings om dit te verhoog is in die verlede deur die SANW Bevelskader geweier. Gelyktydig hiermee het uitgawes weens die volgende gestyg:

* Toenemende aanwending van die privaatsektor se mediese vermoë.
* Onbeperkte voordele.
* Gebrek aan vasgestelde dienstariewe.
* Verskeie uitdagings by die SAGD, wat sy beskryf as '... the collapse of the SAMS'.
* Swak samewerking tussen die SAGD en die Fonds.

* Onvoldoende beheer en monitering. Dr Jamuna verklaar self dat '... over the past five years the Board and the Management of the Fund seemed not to have addressed challenges that were highlighted in the Financial statements'.

Die Fonds se Bestuur het 'n hele aantal regstellende optredes saam met die SANW Bevelskader en die SAGD geloods, wat beskryf is as dat '... the RFMCF must :

* Retain the fund.
* Review the benefits.
* Increase the contributions by introducing a minimum levy on VPA beneficiaries, having a proposal on new contribution levels prepared by the Actuary, ensuring that the management of outsourcing by the SAMHS receive attention and also ensuring closer co-operation by the SAMHS with the Fund Administrator and Fund Management".

19. Samevatting deur Hercules du Plessis

"Na aanleiding van die aanbieding hierbo wil ek die volgende opmerkings maak:

Die SMMVF se Bestuur werk hard om 'n sinkende skip te red maar word deur die SANW Bevelskader beperk om die korrekte regstellende maatreëls te neem.

Die ineenstorting van die SAGD is die belangrikste dryfveer.
Dienende, asook VPA lede, moet gereed maak om by te dra tot 'n poging om die Fonds te red. Die waarskynlikheid dat dit wel suksesvol sal wees is egter verdag.

VPA lede moet sonder versuim begin voorsorg tref om mediese dienste vir hulself te verseker.

'n Onmiddellike oplossing is 'n kapitaalinspuiting, soortgelyk as wat aan die SAL en ander gegee is.

Daar is oorweeg om aan te beveel dat 'n Moniteringsgroep, soortgelyk aan die een wat vir die Pensioenfonds gestig is, in die lewe geroep word. Ons moet egter besef dat die teiken van so 'n groep die SANW Bevelskader sal wees en enige optrede met sorg onderneem sal moet word. Daar is baie om oor te praat en miskien moet ons hier in die Noorde net vir eers 'n dinkskrum hieroor hou. Wie is bereid om die leiding te neem?"

Ek beskik oor die volle aanbieding en kan probeer om vrae te beantwoord. Die SMMVF het 'n webadres, kan op navraag kopieë van jaarverslae en finansiële state verskaf en is baie oop en hulpvaardig teenoor VPA- lede. My e-posadres is herculesdup@mweb.co.za.

20. Reaksie deur Kallie Brocker van die SALM en Afd Fin.
Kallie is 'n voormalige Trustee van die SMMVF se Beheerraad en het op oorwoë wyse op die bogenoemde gereageer. Kallie se berig sal in die volgende Nuusbrief hanteer word en daar word vir eers met die volgende opmerkings van Kallie volstaan:

* "Ek kan die versekering gee dat die Administrateur en personeel van die Fonds, asook die lede van die Beheerraad, hulle pligte en verantwoordelikhede korrek nagekom het.

* Vir enige Moniteringsgroep om die SAW Bevelskader te teiken sal meer kwaad as goed doen, want ek is bang dat die Bevelskader afvallig teenoor ons, die begunstigdes, sal raak. Dit is egter duidelik dat die Bevelskader die Fonds se Beheerraad verhinder het om hulle feudisionêre verpligtinge na te kom en behoort die blaam voor die deur van die Bevelskader gelê te word.

* Ons moet nie nou begin om hase onnodig op te jaag nie. Kom ons kyk wat lewer die Aktuarisse op en hoe die Bevelskader daarop reageer. Ons moet altyd in gedagte hou dat die Fonds deur Algemene Regulasie XV van die Verdedigingswet gereguleer en beskerm word".

21. Note from the Acting Principal Officer of the RFMCF : Dr Anushka Jamuna

"The presentation to Gen Du Plessis and two other members was made due to the queries they had. We are in the process of compiling a communiqué outlining the essence of the presentation made to Gen Du Plessis. The Fund cannot be held liable and is not responsible for the content of what you may publish in your internal Newsletter. I would rather suggest that you hold on and perhaps assist the Fund with the finalisation of the communiqué we are working on. I trust you would understand the position of the Fund on this matter".

22. Skakeling met die SMMVF

* Bolo Breytenbach noem dat hy 'n e-posberig van die SMMVF ontvang het "… waarin my sogenaamde '… updated information' aandui dat my huistaal, gekose taal en titel '… Rfm' is. Red asseblief ons oud-stryders!"

* Gert van Niekerk van die Geskut voeg by dat hy "…die SMMVF se brief van 17/01/2018 met die opskrif 'Confirmation of Changes' ontvang het, wat 'Language' as 'Rfm' aantoon. Spaar julself die moeite om vir die blik-sentrale te luister en daarna deur die konsultant onder kruisverhoor geneem te word om jouself te identifiseer. Die brief wil eintlik maar net die boodskap tuisbring is dat korrespondensie voortaan net in Engels gevoer sal word".

* Op 19/01/2018 is 'n SMS vanaf die SMMVF ontvang waarin te kenne gegee is dat die bogenoemde kennisgewing foutief is en geïgnoreer moet word.

TOEKOMSTIGE OORLOë

23. NTR.

EIETYDSE MILITêRE GESKIEDENIS

24. History of State and Military Intelligence.

Dave Kenny of Army Intelligence has posted the following on the FaceBook of SAMIVA:

Things don't always work out. History is littered with Intelligence Failures.

25. Course at the Rhodie School of Infantry in Gwelo in 1968

* Johan Redfern of Int Div states that four members of the SA Army attended this course as the photo indicates. The officer with the dog is Maj John Stokes, who attended the Command and Staff Course at the SA Army Col in 1973, during which he was seriously injured in a motor car accident in Pretoria.

* Fido Smit of the Cavalry was one of the students and says that the course was also attended by the late Gustaf Pheill, Kaas van der Waals and Luther de Bruyn, all of the Infantry.

* Kaas van der Waals adds that "… the course took place between Jan and Feb 1968 and I should know, as I got married in Paarl on 28/12/1967. While still organising our flat in Bloemfontein in the new year, I was informed by 2iC 1 Para Bn, Maj Barrie Ferreira, on 03/01/1968 that I had been selected to attend the first ever Joint Services COIN Course at the School of Infantry in Gwelo. My young wife Estelle agreed that I should go and our honeymoon was resumed during Mar 1968. The course was based on what the Rhodesian Army had experienced of ZANU and ZAPU/ANC infiltrations since Apr 1966. During Aug 1977 I and Piet Moller were attached to the Bde HQ at Bindura in the Mount Darwin area, as psyops officers. We were very impressed with the work of the Shepperd Group and on a more tactical level their interface operations and basic intelligence coverage with ferret packs. We introduced both concepts to the SA Army in especially Ovambo after our return, where it became known as 'snuffelpakke".

26. Little Known Fact of WW2 : SA Liberated Florence in WW2.

Deon Potgieter is the Signals Officer of the MOTHS on the South Coast and has provided this report:

The Allied advanced through Greve were stopped by the German 4 Para Div on the River Greve on 24/07/1944, but were outflanked and 4 Para Div withdrew, allowing the SA, New Zealand and Indian Divisions to advance to the Paula Line which was reached on 28/07/1944. The further advance to seize the crossings across the River Arno was led by 6 SA Armoured Div, followed closely by New Zealand, British and Indian divisions. The SA Division, fighting at the crucible of the Italian campaign against German forces, spearheaded the Allied advance into Florence in Aug 1944. The very fact that the iconic worldwide heritage bridge in central Florence – the Ponte Vecchio – still stands is thanks to SA armoured regiments who were the first to get to it and secure it, when all the other iconic historic bridges of Florence were destroyed by the retreating German forces. A SA armoured patrol, made up of the SA Imperial Light Horse and Kimberley Regts, raced into central Florence and found the smaller Ponte Vecchio bridge intact, crossed it under heavy shelling and entered the centre of the city on 04/08/1944, to be crowned as the first Allied troops to enter Florence. The foto captures the moment, showing a Sherman artillery OP tank of 22 Fd Regt entering Florence through the Porta Romano.

27. The Size of Railroad Tracks in the USA

The standard railroad gauge in the USA (distance between the rails) is 4 feet, 8.5 inches. That is an odd number. English experts designed the railroads in the USA and it was built like that because that is the way they were built in England. The first rail lines in England were built by the same people who built the pre-railroad tramways and that is the gauge they used. The people who built the tramways used the same jigs and tools that they had used for building wagons, which used that wheel spacing. The wagons had that particular wheel spacing, because if they tried to use any other spacing, the wagon wheels would break on some of the old, long distance roads in England, because that is the spacing of the wheel ruts.

Imperial Rome built the first long distance roads in Europe, including England, for the chariots of their Legions and those roads have been used ever since. The Roman war chariots formed the initial ruts, which everyone else had to match for fear of destroying their wagon wheels. Since the chariots were made for Imperial Rome, they were all alike in the matter of wheel spacing. The standard railroad gauge of 4 feet, 8.5 inches in the USA is derived from the original specifications for an Imperial Roman war chariot, while the Roman chariots were made just wide enough to accommodate the rear ends of two war horses.

Now, the twist to the story. The two big booster rockets attached to the sides of the main fuel tank of Space Shuttles are solid rocket boosters (SRB) and made by Thiokol at their factory in Utah. The engineers who designed the SRBs would have preferred to make them a bit larger, but the SRBs had to be shipped by train from the factory to the launch site. The railroad line from the factory runs through a tunnel in the mountains and the SRBs had to fit through that tunnel. The tunnel is slightly wider than the railroad track, and the railroad track is about as wide as two horses' behinds. A major design feature of the Space Shuttle, the world's most advanced transportation system, was determined over two thousand years ago by the width of the ass of two Roman war horses. Note. To prevent the publishing of scam, a check was made with Mr Wikipedia on Dr Google, where it was confirmed that the standard railroad gauge in the USA is in fact 4 feet, 8.5 inches.

NUWE MILITêRE BOEKE

28. *Mobile Warfare for Africa: On the Successful Conduct of Wars in Africa and Beyond*

The book was written by Roland de Vries, Willem Steenkamp and Camille Burger and is described as an easy-to-read book about the Border War which typically evolved into a trans-national conflict over time and which brought about all the imaginable political, diplomatic, military and social ramifications and complexities of African warfare. More so, this war included low as well as high intensity engagements across the full spectrum of warfare, playing out within a vast geographical expanse over an extended period; all elements holding valuable lessons to be learned. Many valuable lessons can be learned from the African way of warfare and what is referred to today as '4th Generation' and/or 'asymmetric warfare', besides providing insights as to how this will influence future military needs and requirements. It is a Paperback with 488 pages and is available for R695 from Bush War Books Publications at sales@warbooks.co.za.



29. *VRYVAL*

Die boek deur Frans du Randt en Koos Moorcroft is in 2005 vir die eerste keer gepubliseer. Die skrywer, Frans du Randt, is deur Koos Moorcroft, voormalige Sersant-Majoor van die SAW, as tegniese raadgewer bygestaan. Dit is in sagteband met 288 bladsye en is vir R280 beskikbaar.



PAUL ELS SE BOEKE

30. Boek oor die SAW se Kapelaansdiens

“Ek is versoek om ‘n boek oor die Kapelaansdiens te skryf. Ek doen ’n beroep dat verhale en stories aan my na 15/03/2018 gestuur word, of aan ds Marius Cornelissen by mariusco@lantic.net”.

ALGEMENE ASPEKTE

31. Information about Reginald Robert Saayman of WW2

Yvonne Fourie states that she wants to know where she could obtain information about her father who served in Egypt during WW2 and who was taken as a prisoner at Tobruk. Yvonne’s e-mail address is fouriey6@gmail.com.

32. Information about Cornelius (Corrie) Johannes Bester of the Infantry

Bushy Bester requires information about his brother “... who was born on 21/07/1941 in Benoni and who had passed away on 02/01/1998. He had originally served in the Royal Rhodesian Regt in about 1961 and was possibly originally trained in the Rhodesian SAS. According to his son, he had served in 31 Bn in 1975 and 1976 when he would have been about 35 years old. There was a 17-year age difference between us and I was in boarding schools and separated from the rest of my family. Information about my brother and the times that he served in the different units would be greatly appreciated. The photo of my brother here below was taken in about 1978/9 on the Amazon River. I currently work and live in New Zealand and my e-mail address is bushybester444@hotmail.com”.

33. Sri Lanka Pays Debt by Handing a Port to China

In Arne's MN it was mentioned that Sri Lanka, unable to re-pay a large debt to China, has formally handed over its strategically located port at Hambantota to the Asian giant. It was a major acquisition for China and proof of just how effective China's debt-trap diplomacy can be.
Unlike International Monetary Fund and World Bank lending, Chinese loans are collateralised by strategically important natural assets with high long-term value (even if they lack short-term commercial viability). Hambantota, for example, straddles Indian Ocean trade routes linking Europe, Africa and the Middle East. In exchange for financing and building the infrastructure that poorer countries need, China demands favourable access to their natural assets, from mineral resources to ports. States caught in debt bondage to China risk losing both their most valuable natural assets and their very sovereignty. China's velvet glove cloaks an iron fist; one with the strength to squeeze the vitality out of smaller countries. When will it be Africa's turn?

34. Good News for the Veterans.

Nic Kriek of Logistics has forwards a newspaper clipping in which the following important report appears, but Nick wishes to know where '… sprightly' fits in, as that is more applicable to his present state:

In 1875 in Britain, old was defined by the age of 50. Much later the UN adopted a standard criterion that 60 could be viewed as 'old'. The World Health Organisation has published new research, according to average health quality and life expectancy and has defined a new criterion that divides human age as follows:

* 0 to 17 : Underage.
* 18 to 65 : Youth
* 66 to 79 : Middle-aged.
* 80 to 99 : Elderly or senior.
* 100+ : Long-lived or elderly.

35. Jaarprogram vir 2018

* Verlede week het Paul Els genoem dat hy besig is om vir die Veterane 'n algemene jaarprogram op te trek van al die gebeure wat vir 2018 beplan word. Die eerste weergawe is nou beskikbaar en kan vanaf die e-posadres by johann.dupreez@milvets.co.za aangevra word. Verdere insette kan na Johann du Preez of na 15/03/2018 na Paul by paul@who-els.co.za aangestuur word.

36. Newsletter of the Naval Officers' Association of Southern Africa

Angel states that the Newsletter for Dec 2017 is available and can be requested from the Secretary, John Lamont, at glentyne@yebo.co.za.

WELSYNSINISIATIEWE

37. NTR.

NUUS OOR DIE VETERANE-ORGANISASIES

38. Hierdie groephoof is geskep met die spesifieke doel om aan die Veterane-organisasies ’n forum te bied waar hulle die breër Veterane-gemeenskap oor hulle onderskeie aktiwiteite kan inlig. Maak gerus gebruik daarvan, soos wat die Infanterie-vereniging reeds gedoen het.

ASPECTS CONCERNING OUR PENSION FUND (GEPF)

39. Nominasie vir Verkiesing van die GEPF se Trustees

RSM Julius Joubert van die SALM verklaar dat hy “… bly is dat Dries de Witt hom vir verkiesing as Trustee beskikbaar gestel het. Ek het die generaal die afgelope 40 jaar as ‘n persoon met hoë etiese normes en waardes leer ken. Tydens voorligtings oor die afgelope jare het sy kennis van die GEPF se wet en reëls my veral getref. Sy raad en bystand oor die Fonds se voordele het van professionaliteit getuig en hy het lede gehelp om ingeligte besluite oor hulle finansiële beplanning te maak. Ek sal vir hom met die verkiesing van die Trustees stem, want ek weet hy sal goed na ons pensioen by die GEPF as Fonds omsien”.

SUPPORTING THE PROTEST ACTION OF THE PUBLIC SERVANTS’ ASSOCIATION (PSA)

40. Supporting the Protest Action of the Public Servants’ Association

Rob Moody is the General Manager of the PSA and has informed our Monitering Group that “… the PSA is holding a protest action at the Metropolitan Horse Race at Milnerton in Cape Town on 27/01/2018 and It would be appreciated if the members of the Monitor Group could encourage its members to join in. It provides us as Pensioners a legitimate opportunity to visibly show the country our discontent and that we are concerned at what is happening with our Pension Fund. The focus of this event will be to protest against the participation of the horses of Mr Marcus Jooste of Steinhoff at the race. Both the National Horse Racing Authority and the Main Sponsor, Sun International, has been petitioned to prevent the horses of Mr Jooste from participating in the event, as we believe that his horses have been bred and/or acquired with profits he made through irregular accounting practises at Steinhoff. This caused Public Servants a loss of more than R12billion in their pension investments, through investments losses by the PIC.

Our aim is to have at least 500 serving members, as well as PSA Pensioners, protesting at the main entrance of the race track on the day of the race. We will also be hosting a media conference on the day as part of our protest action.

41. Albert van Driel van die Moniteringsgroep (MG)

“Ons lede moet kennis neem van die PSA se uitnodiging aan die lede van die MG om by die PSA se protesoptog by die Metropolitan Perderesies in Kaapstad op 27/01/2018 aan te sluit en ons afgetrede Pensioenarisse moet aangemoedig word om op ‘n vrywillige basis aan die protesoptog deel te neem. Reëlings vir die protesoptog kan nader aan die datum van my e-posadres by audconsult@absamail.co.za verkry word”

42. GEPF Lede se Bywoning van Solidariteit se Algemene Jaarvergadering op 15/02/2018

Solidariteit het versoek dat GEPF-lede hulle algemene vergadering op 15/02/2018 by die kantore van Solidariteit in Centurion bywoon. Besonderhede sal na 06/02/2018 bekend gemaak word.

SOEKTOGTE

43. NTR.

GELEENTHEDE, FUNKSIES EN KURSUS- EN ANDER RE-UNIES

44. Inwyding van die Inligtingmuseum en Gedenknaald.

Deon Dohne van Leërinligting verwittig dat die inwyding van die Inligtingmuseum en Gedenknaald oor die naweek 23-25/02/2018 op sy gasteplaas, Van Zylsvlei, in Colesburg gaan plaasvind. Pieter Liebenberg is die Onder-voorsitter van die SA Militêre Inligting Veterane-vereniging (SAMIVA) en verskaf die volgende detail:

“Op Vrydag, 23/02/2018 is daar geen formele geleentheid nie en gee almal die kans om nes te skrop en op Van Zylsvlei of een van die talle plekke op Colesberg saam te kuier. Besluit later.

Die Algemene Jaarvergadering vind plaas om 11:00 op 24/02/2018 by Van Zylsvlei ongeveer 7km vanaf Colesburg op die ou pad na Philippolis. Op dieselfde dag, tydens ‘n sonsondergang-seremonie om 18:00, sal die SAMIVA Gedenknaald ter ere van gestorwe lede van Militêre Inligting lede onthul word. Dit val saam met ons viering van die Internasionale Militêre Inligtingsdag op 01 Feb. Daarna gaan ons spitbraai en lekker saamkuier tot die hane kraai.

Sondagoggend is daar ‘n kerkdiens op Van Zylsvlei en daarna keer almal terug huis toe.

Koste beloop R370-00 per persoon per nag vir bed en ontbyt op Van Zylsvlei. Dit is nie verpligtend om op Van Zylsvlei tuis te gaan nie. Daar is ook ‘n verskeidenheid van plekke om op die dorp te eet. Skakel vir Annalie op 084 514 0837 om by Van Zylsvlei te bespreek.

Drag is informeel, behalwe vir die onthulling van die gedenksteen wat Saterdag met laaste lig plaasvind. Drag vir hierdie geleentheid is SAMIVA-drag met medaljes, of alternatief baadjie en das. my e-posadres is liebfox@gmail.com. Die museum se naamplaat word soos volg by die ingang aangedui”.

45. Akademie-jaargroep van 1967

Ore van den Heever van die Kavallerie stuur die foto "… van die Akademie-jaargroep van 1967 wat tydens die reünie by die SA Mil Akad in Des 2017 geneem is, wat saamgeval het met die uitpassering van 2017 se jaargroep op 07/12/2017. Sommige van ons vriende lyk nie meer so helder soos 50 jaar gelede nie. Ten spyte van goeie veroudering en ietwat diep delf vir die naam van jou studentemaats van daardie tyd, het die gesprekke baie vlot verloop. Die naamlys is soos volg:

In die eerste ry is 'n jeugdige Pieter Swart, asook Ludwig Bodemer, Louis Cook en Pierre de Villiers.

Tweede ry is Chris le Roux, Mossie Basson, Paul Zietsman, Johan Brink en Gert van Zyl.

Derde ry is Fred Oelschig, Andre du Preez, Jack Grundlingh, Johan Retief, Tony Cole, Piet Loedolff en Piet Botha.

Vierde ry is Johan Potgieter, Chris Hartzenberg en Bob Harrison.

46. Reunie van JL Kursus KDK 7821

Edward Ruziecki van Logistiek noem dat die re-unie na 40 jaar van die Loggies se JL Kursus van 1978 op 16/03/2018 op 'n plaas naby Cullinan gehou gaan word. Lede van hierdie kursus word gevra om een van die volgende te kontak, of jy gaan bywoon of nie, naamlik Martin Heinike by 082 725 8817, of vir Albert van Zyl per epos by suidwes28@gmail.com.

47. Centurion-etegroepie se Ete op 18/01/2018

Die maandelikse ete het soos gewoonlik by die Bosvelder Restaurant plaasgevind, waar die week se spesiale aanbiedinge vir die groep beskikbaar was. Die foto toon vir Johnnie Coetzer wat man-alleen die dames besig gehou het. Van links na regs sit Johnnie en Brenda Coetzer, Hermien Ferreira, Estelle Keeve, Hannie Roux, Cynthia-Mare Gouws en Valerie Benade.

48. Re-unie van die SAW Veterane in die Suid-Kaap

Joy en Louis Cook van die Infanterie is weer hard besig met die organiseer van die jaarlikse re-unie, wat op 15/02 2018 in Mosselbaai sal plaasvind. Die ete word om 10:00 vir 10:30 by die Admirals Restaurant binne in die Garden Route Casino se kompleks aangebied. Die ete sal om 12:00 begin en almal moet asseblief om 10:30 hulle sitplekke inneem. Drag is netjies informeel en die ete is in die vorm van ‘n buffetete. Eet soveel as u wil. Die koste is R95 per persoon en sluit ‘n kelnerfooi in. ‘n Kontantkroeg is beskikbaar en die kurkfooi is R25 per 750 ml. ‘n Verwelkomingsdrankie is by die ingang beskikbaar. Verwittig bywoning voor of op Maandag 05/02/2018 en ek benodig elke persoon se noemnaam en van. U kan per per e-pos antwoord na ops@trebla.co.za of per SMS/WhatsApp na 082-566 3510”.

NETWORKING

49. Versameling is Beskikbaar

Paul Els noem dat hy “... as jong seun begin het om seëls te versamel en vandag het ek baie. Ongeveer 12 jaar gelede het ek ook met die versameling van Telefoonkaartjies begin, maar toe die gebruik daarvan gestaak is, het ek ook maar opgehou. Ek het 'n pragtige versameling wat selfs skaars kaarte van buitelandse lande insluit. Wie stel belang om die twee versamelings by my oor te neem? My e-posadres is paul@who-els.co.za”.

ADMINISTRASIE

50. Nuwe Lede

* Marie-Helene du Preez-Maquire

* Geoff Holland-Muter

LAASTE LAWWE (EN SOMS ERNSTIGE) STUKKE

51. Gebed vir die Veterane. Jurie Bosch van die Ierse Infanterie bid die volgende namens almal van ons:

Here, U weet beter as ek, dat ek oud word en dat ek eendag oud sal wees.

Help dat ek nie praatsiek word nie en behoed my veral van die noodlottige gewoonte om iets te sê te hê oor elke onderwerp en by elke geleentheid.

Verlos my van die behoefte om alle ander mense se sake te reël.

Hou my gees vry van die relaas van nimmereindigende besonderhede.

Gee my die vleuels om die kern van die saak te kan stel.

Ek vra genade om na die verhale van ander mense se kwinte en kwale te luister, maar sluit asseblief my lippe as ek oor my eie kwellings wil uitwei.

Hou my asseblief redelik goedgeaard, Here, want ‘n iesegrimmige oumens is een van die duiwel se pronkstukke.

Bewaar my van skynheiligheid en heilig my lewe.

Maak my bedagsaam, maar nie buierig nie; hulpvaardig maar nie baasspelerig nie.

As ek dink aan die skat van wysheid waaroor ek beskik, lyk dit vir my jammer dat ek dit nie alles kan gebruik nie, Here en leer my die groot les dat dit tog af en toe moontlik is dat ek my kon vergis het. Want U weet, o Here, dat ek aan die einde van my lewe tog ook nog ‘n paar vriende wil oorhê.

52. The RC Factor

One of the readers of Angel’s MN states that whilst involved in changing the uniforms in the SAN In 2002, he realised the importance of understanding the RC Factor and developed the following scale to convince those resisting the change:

RC 0 – Ready to Change
RC 1 – Remember to Change
RC 2 – Reluctance to Change
RC 3 - Resilience to Change
RC 4 – Resistance to Change
RC 5 – Resentment to Change
RC 6 – Refusal to Change
RC 7 – Reconsider Career

53. Die Parmantige By

‘n Vrou kom skaam-skaam by ’n dokter in Pretoria aan.
Dokter: Waarmee kan ek help, mevrou?
Vrou: ’n By het my gesteek.
Dokter: Waar het die by u gesteek?
Vrou: Ek wil liewer nie sê nie.
Dokter: Maar ek kan u nie behandel as ek nie weet waar die by u gesteek het nie.
Vrou: Ek kan nie sê nie. Die skande is te groot. Niemand wat dit in Pretoria te hore kom sal ooit weer met my vriende wil wees nie. O, ek wens ek was dood.
Dokter (streng): Mevrou, ons dokters kry elke dag met allerlei snaakse dinge te doen. Buitendien is ons gebind tot streng professionele etiket om geen besonderhede oor pasiënte bekend te maak nie.
Vrou: Belowe u om vir niemand te sê nie?
Dokter: Ja, ek belowe op my erewoord. Sê nou vir my waar het die by u gesteek.
Vrou (skaam): Op Nuweland in Kaapstad.

SLOT

54. En op daardie pynlike skaam noot en met apologie aan die makkers in die Kaap, sterkte vir nog ‘n warm week wat voorlê.

Johann

VRYWARINGSKLOUSULE

55. Hierdie Nuusbrief bevat die uiteenlopende en diverse persoonlike menings van Militêre Veterane en die Opsteller van die Nuusbrief kan nie in sy persoonlike hoedanigheid daarvoor verantwoordelik of aanspreeklik gehou word nie.